

Direkteur Sinode

NG Kerk in Oos-Kaapland

Ds Danie Mouton

Tel 041 365-3159 (k) - Sel 082 9234 178 - danie@ngkok.co.za - Faks: 0865 860 623
Posbus 34842, Newtonpark, 6055

AAN: LERAARS EN KERKRADE

26 Maart 2020

Liewe vriende,

GEREELDE VRAE : VERLOF EN BEGRAFNISSIE TYDENS INPERKING

Ons gebed as sinode is dat ons almal in hierdie tyd van inperking die Here op 'n nuwe manier sal leer ken, en heelhuids oorleef. Ons gebede gaan ook uit aan baie blootgestelde persone, siek en verswak, asook in die arm woonbuurte van ons land aan wie inperking baie groot eise gaan stel.

Kom ons gee almal ons samewerking tot die afsondering. Dit is nie nou 'n tyd om te kyk hoe ver ons die reëls kan buig nie. Naasteliefde verg nou konsekwente afsondering.

Die Sinodale Kantoor ontvang verskeie navrae oor hoe die verlof van personeel tydens die 21 dae van afsluiting hanteer moet word. Gemeentes is ook besorg oor die hantering van begrafnisse.

1. VERLOF

Die vraag is of personeel salaris en voordele ontvang tydens die inperking, of nie. Alternatiewelik: moet personeel verlof insit vir die periode van 21 dae. As Sinode wil ons graag hieroor adviseer, hoewel die finale besluit by die kerkraad as werkgewer berus.

Sommige personeel kan met dienslewering voortgaan, hoewel op 'n ander wyse as gewoonlik. Leraars kan hul bediening voorsit. Dit moet egter via die telefoon of digitale media geskied. Die bediening vind steeds plaas, maar op 'n ander wyse. Hier is verlof dus nie ter sprake nie.

Personeel soos die skriba / kassier, orrelis of koster is 'n ander saak. Waar personeel nie tuis kan werk nie, word aanbeveel dat die kerkraad spesiale verlof aan hulle verleen om afwesig te wees. Hierdie afwesigheid geskied met volle voordele in die geval van permanente aanstellings. Die advies is dus dat daar nie van personeel verwag word om gewone verlof te neem tydens die 21 dae van afsondering nie.

Wanneer werksaamhede weer hervat kan word, sal van hierdie werknemers werk hê om in te haal. Dit mag tydelike verlengde werksure noodsaak. Werkgewers behoort met personeel ooreen te kom om agterstallige werk in te haal sonder om aanspraak op oortydbetaling te maak. Verder behoort personeel nie

gewone vakansie verlov in te sit vir 'n periode na inperking nie, mits hulle natuurlik volle voordele ontvang het. Dit stel die werkgewer in staat om die bediening so glad as moontlik te hervat.

2. BEGRAFNISSE EN ROUDIENSTE

Begrafnisse is 'n diep emosionele saak. 'n Belangrike deel van leraars se bediening bestaan uit die pastorale begeleiding van naasbestaandes na die afsterwe van 'n geliefde.

Die prentjie oor begrafnisse in die periode van afsondering is nie so duidelik nie. Ons weet dat die bywoning tot 50 persone beperk word, maar dit is verbode om in kerkgeboue of sale byeen te kom. Begrafnisse kan dus nie vanuit 'n kerkgebou of enige saal plaasvind nie. Waar dit gebeur, sal arrestasie volg.

In 'n direktief aan bevelvoerders van die SA Polisie diens en begrafnisondernemers in Nelson Mandelabaai, gedateer 20 Maart 2020, word die volgende gesê:

1. *The funeral service must only be conducted at the bereaved home;*
2. *The funeral procession and service must be finalised within an hour;*
3. *Catering must only be take-aways and no sitting must be allowed;*
4. *No gathering before or after the funeral;*
5. *No night vigils or overnight church service to be held;*
6. *Only immediate family members are encouraged to attend funerals;*
7. *No mass catering during this period in funerals;*
8. *No funeral service should be held either in a tent, church, community hall or school.*

Hierdie amptelike instruksie gee 'n goeie raamwerk vir die hantering van begrafnisse en roudienste. Wat staan die leraar dus te doen:

- Hanteer die pastorale versorging telefonies;
- Konsulteer met die begrafnisonderneming, hulle is die statutêre lisensiehouer om begrafnisse te hou. Die ondernemer sal op hoogte wees van plaaslike wetlike reëlings;
- Hou roudienste moontlik na die inperking opgehef is. Die teraardebestelling kan met 'n eenvoudige, kort seremonie gepaardgaan;
- Respekteer die wense van die onmiddellike familie, binne die raamwerk van wat wetlik toelaatbaar is.

Oor die algemeen gesien, sal leraars goed doen as ons nie probeer om die reëls te buig nie. Afsondering is noodsaaklik. Ons reg op vrye beweging word ingeperk ter wille van ons kollektiewe belang. Die vraag is nie waarmee ons kan wegkom nie. Ons moet die land se belang respekteer. Hoe moeilik ook al vir mense met 'n pastorale hart en diep bande met lidmate: ons moet ons inperk.

Baie sterkte met julle bediening.

Met seënwense in Christus,

Danie Mouton
Direkteur Sinode